



Bron
nr.
0 10 3 15

Datum
9 7 1 0 1 7 2 9 0

Onderwerp
nr.
8

Knipsel
nr.
13638

2

1

Beeld

Jg..... Nr..... P...1..... Dat. 17 OCT 1997

Sasria-polis houers moet 'premie-vakansie kry'

Staat moet dié reserwes eers los, sê taakgroep

Flip Meyer

Die regering gaan 'n gevaarlike pre-sedent vir die toekoms skep as hy toegelaat word om wetgewing te verander om beslag op die reserwes van die SA Spesiale Risikoversekeringsmaatskappy (Sasria) te lê.

Só sê Besigheid-Suid-Afrika se taakgroep wat ondersoek na die aanwending van dié fonds se reserwes ingestel het.

Een van die aanbevelings is dat die polishouers van Sasria 'n premie-vakansie op hul bestaande versekering moet kry.

Sasria se fonds is in die nuus nadat die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) aan die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) voorgestel het dat 'n deel van die reserwes van die fonds aangewend word om vir die skade te vergoed wat apartheid in die verlede aangerig het.

BSA se taakgroep het bestaan uit verteenwoordigers van die Kamer van Mynwese, die Nasionale Vereni-

ging van Motorvervaardigers (Naamsa), die AHI en die Suid-Afrikaanse Vereniging van Versekeringsmakelaars (Saiba).

Die staat – en uiteindelik die belastingbetalers – het destyds as her-versekeraar van Sasria opgetree. Sasria is in die jare sewentig op die been gebring om ondernemings en individue die geleentheid te bied om versekering uit te neem teen skade weens politieke oproer.

Die taakgroep van BSA het tot die slotsom gekom dat die regering nie uit 'n regsoogpunt beslag op die reserwes van Sasria mag lê nie.

Dit is reeds 'n geruime tyd lank bekend dat mnr. Trevor Manuel, minister van finansies, dit as 'n opsie beoog om dié reserwes wat sowat R10 miljard werd is, te gebruik om staatskuld af te los.

Verlede jaar se premies het R250 miljoen bedra, terwyl die eise sowat R20 miljoen was.

Mnr. Theo van Wyk, president van die AHI, se verduideliking vir die betreklik klein eise wat uitbetaal

TREFWOORDE

1 Saka Beeld

2 Meyer

3 SA

4 Kammere

5 AA I

6 Voorstelle

7

8

9

10

INSTITUUT VIR EIETDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat



Bron
nr.
0 0 3 15

Datum
9.7.10.17.290

Onderwerp
nr.
1 18

Knipsel
136386

Beeld

Jg..... Nr..... P.../..... Dat. 17 OCT 1997

word teenoor die premie-inkomste is dat daar so baie mense is wat die versekeringdekking steeds het.

Die grootste enkele eis wat ingevolge dié soort versekering uitgekeer is, was R35 miljoen, lui die dokument van die bogenoemde taakgroep.

Daar is steeds groot onderneemings wat nog die dekking het.

Die premies wat op die versekering betaal word, is die afgelope paar jaar geleidelik verlaag.

Van die taakgroep se aanbevelings is:

- Dat die tariewe vir Sasria-versekering nog verlaag moet word om te verseker dat daar geen groot opeenhoping van reserwes is nie;

- Dat maatskappye in die versekeringsmark toegelaat word om versekering teen politieke oproer te verkoop en dat Suid-Afrikaanse maatskappye toegelaat word om herversekering in die buiteland aan te gaan; en

- Dat die maatskappye wat groot versekering teen politieke oproer in-

gevolge Sasria uitgeneem het 'n langdiens-afslag of 'n "premie-vakansie" kry.

Hoe groot die toegewings sal wees, sal afhang van hoe lank die onderneemings die premies vir die versekeringsdekking betaal het.

Die Sasria-reserwes kan ook behou word om dit aan te wend in ander segmente van die versekeringsmark.

Die taakgroep stel onder meer voor dat dit gekanaliseer kan word aan die Multilaterale Voertuigversekeringsfonds, die Ongevalleversekeringsfonds en die Werkloosheidversekeringsfonds.

Daar word voorts aanbeveel dat Sasria bedryf moet word as 'n onafhanklike versekeringsmaatskappy en moet voldoen aan dieselfde vereistes as ander versekeraars wat onderworpe is aan die wetgewing op versekeraars.

Die taakgroep meen dat die opsie om staatskuld te verminder eers ondersoek moet word nadat daar gekyk is na die bogenoemde voorstelle.

TREFWOORDE

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10